

Eenvoudige praktiese spelreëls vir kerk- en gemeenteskrywers!

Gids vir kerkmense wat in Afrikaans skryf, deur Gerhard Griesel (Taalpraktisyn)

© (Jy hoef nie te betaal om hierdie artikel af te laai of te gebruik nie, maar jy word versoek om erkenning aan die skrywer en bron te gee as jy dit êrens aanhaal of publiseer.)

Om spesifieke voorbeelde vinnig in hierdie dokument op te spoor, druk Ctrl + F op jou toetsbord, en tik die woord in waarna jy soek,

(Baie Afrikaanse mense sê: 'Ek weet ek spel nie reg nie, maar dis OK. My foute is nie so erg nie.' Dis soos: 'Ek weet $15 + 16 = 30$ is dalk nie heeltemal reg nie, maar dis nie so erg nie.')

Die goue reëls:

n + n = 1: naamwoord + naamwoord is een woord

a + n = 2: adjektief + naamwoord is twee woorde

t + n + n = 1: telwoord + naamwoord + naamwoord is een woord

Skryf vas

As ons ons boodskap in gemeentes wil oordra, is dit belangrik dat ons reg spel, net soos dit belangrik is dat ons video's in fokus moet wees en ons preke hoorbaar moet wees.

'n Groot deel van ons spelfoute daaruit bestaan dat ons woorde wat vas geskryf moet word, los skryf. Dit gebeur onder die invloed van Engels. In Afrikaans skryf ons baie woorde vas wat in Engels los geskryf word:

Groetwoorde in Afrikaans is altyd een woord: *Goeiemore*, *Goeiedag*, *Goeiemiddag*. Die enigste uitsondering is wanneer ons sou sê: *Ons het 'n goeie dag gehad*, want dan is *goeie dag* nie 'n groetwoord nie.

As twee of meer naamwoorde (woorde wat dinge aandui) langs mekaar staan, word hulle vas geskryf in Afrikaans: *konsistoriebesluite*, *kerkraadsvergadering*, *proefbalansstate*, *fondsinsamelingsprojek*, *internetkonneksie*, *gemeentenuus*, *hoofartikel*.

Kyk na hierdie interessante voorbeelde:

Kommissievergadering is een woord, want beide *kommissie* en *vergadering* is naamwoorde.

Finansiële kommissie is egter twee woorde, want *finansiële* is 'n adjektief, nie 'n naamwoord nie (soos *hoë toring*).

Maar kyk wat gebeur nou!:

Sodra ons nog 'n naamwoord ná *finansiële kommissie* byvoeg, bv. *finansiëlekommissievergadering*, is dit alles een woord! Die volgende spelwyses is dus almal verkeerd:

**Finansiële kommissie vergadering*,

**Finansiële kommissievergadering*,

**Finansiëlekommissie vergadering*!

'n Reuseprobleem!

Ons het gesien dat naamwoord + naamwoord gewoonlik vas geskryf word.

Die woord *reuse* in Afrikaans is daarom 'n slagyster. Ons gebruik die woord graag in ons verslae, maar besef nie dat die woord 'n naamwoord is nie, en daarom vas aan 'n volgende naamwoord geskryf moet word!

(*Reuse* eindig op 'n vokaal (klinker), en as die volgende naamwoord op 'n vokaal begin, kan die gekombineerde woord moeilik leesbaar wees. Dan kan 'n koppelteken gebruik word.)

Hier is 'n paar voorbeelde, met die verkeerde spellings telkens ná die asterisk: *reusesukses* (**reuse sukses*); *reuseklip* (**reuse klip*); *reusegeleentheid* (**reuse geleentheid*); *reuseopoffering* of *reuse-opoffering* (**reuse opoffering*). By die laaste voorbeeld moet 'n mens jou afvra of die woord dalk moeilik leesbaar kan wees, en dan self besluit of jy 'n koppelteken gaan gebruik.

Soos ons gesien het, word *reuse- vas* aan die volgende naamwoord geskryf word, soos *reusevlamme*. Maar, net om dit lekker moeilik te maak, *reusehoop klippe* word as twee woorde geskryf (nie: **reuse hoop klippe* of **reusehoopklippe* nie). Die rede is dat die woord *reusehoop* soos 'n adjektief (byvoeglike naamwoord) optree, wat die volgende woord, *klippe*, beskryf. 'n Adjektief word los van die naamwoord geskryf, dink maar aan *hoë* in *hoë bome*.

As een van die twee naamwoorde wat vas geskryf word 'n syfer, 'n akroniem of 'n woord uit 'n ander taal is, gebruik ons 'n koppelteken: 2023-Pinkstertyd (dus nie *2023 Pinkstertyd nie), SOS-besluite; Discover Church-dienste, wifi-fasiliteit, Margate-kerkgebou. Hier is 'n belangrike voorbeeld wat ons deesdae baie gebruik: *YouTube-kanaal* (nie: **YouTube kanaal* nie).

Syfer plus naamwoord

In ons gemeente word aan die einde van die *tiende maand*, Oktober, 'n spesiale insameling gehou wanneer die wat wil, 'n tiende van hulle inkomste aan die gemeente skenk. Ons noem dit 'n *tiendemaanddankoffer*. Die woord is saamgestel uit vier woorde: *tiende*, *maand*, *dank* en *offer*, maar tog skryf ons dit alles as een woord, nie **tiende maand dank offer* nie. Hoe so? Ons het tog hier 'n getal *tien* – 'n rangtelwoord – en dan drie naamwoorde? Sonder om tegnies te raak, kan ek dit vergelyk met nog voorbeelde: *Ons kerkraadslede dien vir 'n tweejaartermyn* (nie **twee jaar termyn* nie); *Die gemeente het 'n driejaarkontrak met die leraar* (nie **driejaar kontrak* nie); *Siekverlof word in 'n driejaarsiklus toegestaan*; *Die tweetoringkerk is 'n bekende baken*. Elke keer word alles vas geskryf.

Skryf los

As ons onthou dat naamwoorde wat langs mekaar geskryf word, vas geskryf moet word, sal die meeste van ons ons spelfoute sommer met die helfte kan verminder! 'n Maklike reël wat soos 'n wiskundereël lyk kan ons help om dit te onthou: $n + n = 1$: naamwoord + naamwoord is een woord.

Dit is dan ironies dat Afrikaanse mense, wat so maklik woorde los skryf, 'n hele klomp uitdrukkings vas skryf terwyl hulle los geskryf moet word! Die bekendstes is **op pad** en **op soek**. *Ons was op pad kerk toe*; *Ek is op soek na 'n 2020-vertaling* (Eng. *looking for*). Dis beslis nie **oppad* en **opsoek* nie! Daar bestaan wel 'n woord soos *opsoek*, maar dit beteken iets heeltemal anders, nl. Eng. *visit*. As ons in Durban kom, sal ons my broer opsoek.

Hier is nog voorbeelde van woorde wat baie mense vas skryf, terwyl hulle eintlik as twee woorde geskryf moet word:

Kan nie is twee woorde. Baie mense skryf **kannie*, waarskynlik onder invloed van Engels, waar *can not* saamgetrek het tot *cannot* en toe *can't*.

Kerk toe is twee woorde. **Kerktoe* is 'n spelfout, so ook is die bekende uitdrukking *huis toe twee woorde*, nie **huisto* nie.

Reël: Enige naamwoord plus *toe* word in Afrikaans as twee woorde geskryf, bv. *werk toe*, *Pietermaritzburg toe*.

Glad nie is ook twee woorde.

Belangrik:

Die woord *aanlyn*, word los van die volgende woord geskryf, soos in *aanlyn eredienste*. Dit is nie, soos ons dikwels sien, **aanlyn-eredienste* nie.

Waar naamwoord + naamwoord gewoonlik vas geskryf word ($n + n = 1$), is 'n adjektief (byvoeglike naamwoord) los van die volgende naamwoord. Ons nagemaakte wiskundereël is: $a + n = 2$: adjektief + naamwoord is twee woorde. Daarom skryf ons *finansiële kommissie* en nie **finansiëlekommissie* nie. Dit gebeur selfs as ons 'n afkorting sou gebruik, soos in *NG Kerk* (nie **NG-Kerk* nie). Die *G* staan vir *Gereformeerde*, en dis 'n adjektief. Daarom word dit los van die volgende naamwoord – *Kerk* – geskryf.

Sinodale is 'n adjektief, daarom *sinodale vergadering* (twee woorde), maar *ring* en *kerkraad* is naamwoorde, daarom *ringsvergadering* en *kerkraadsvergadering* (een woord).

Maar wat doen ons in 'n geval soos *rings + en/of + sinodale + vergadering*? Die antwoord is: koppeltekens en spasies. Kyk na die volgende voorbeelde:

...reiskoste na amptelike rings- en sinodale vergaderings...

Maar: *...reiskoste na amptelike sinodale of ringsvergaderings...*

In die eerste voorbeeld word *rings-* van *vergaderings* geskei deur *en sinodale*, dus gebruik ons 'n koppelteken gevolg deur 'n spasie. In die tweede voorbeeld benodig *sinodale* nie 'n koppelteken nie, want dit is 'n adjektief en moet in elk geval los van die naamwoord geskryf word.

Kyk na hierdie interessante voorbeeld:

Hier is nog 'n voorbeeld: *finansiële en eiendomskommissie*, maar *eiendoms- en finansiële kommissie*.

Wat belangrik is, is dat daar in sulke gevalle 'n spasie ná die koppelteken moet kom.

Pinksterwoorde

Hier is die spelling van 'n paar woorde waaroor ons dalk kan wonder as ons met mekaar oor Pinkster kommunikeer.

Eerstens, onthou om te begin met *Goeiemore gemeente*. *Goeiemore* is een woord!

Dan: *Pinkster* is met 'n hoofletter.

In *Pinkstersondag* het *sondag* 'n kleinletter. **Pinkster Sondag* is dus 'n spelfout. *Pinkster* het 'n kleinletter in *kinderpinksterreeks* (alles natuurlik vas geskryf), behalwe as dit aan die begin van 'n sin sou wees.

Aangesien *Pinkster* 'n naamwoord is, moet dit vas aan die volgende naamwoord geskryf word.

Voorbeelde: *Pinksterpreke*, *Pinksterbidure*, *Pinksterfees*, *Pinksterfeeseredienste*, *Pinksterdiens*, *Pinksterprogram*. Let op hoe ons maak as ons die jaartal byvoeg: *Die 2024-Pinkster sal vir ons 'n tyd van toewyding wees* (koppelteken tussen die jaartal en *Pinkster*, omdat die samestelling een woord is waarvan die eerste gedeelte syfers is), maar as ons die woorde omruil, is dit *Pinkster 2024* (twee woorde, net soos *Mei 2024*).

Nog woorde wat los geskryf moet word, veral telwoorde

Nou gaan ek probeer om julle lekker deurmekaar te maak. Hier is nog 'n paar woorde wat los van mekaar geskryf moet word. In sommige gevalle het die spelreëls verander sedert ons op skool was!:

Ons moet bereid wees om ter wille van ons geloof te ly. Nie: **terwille van*

Hy het tweede beste gedoen of tweede laaste gekom. Nie: **tweedebeste*

Ek het hom eenkeer in die kerk gesien = *Ek het hom op 'n keer gesien.*

Maar: *Ek het hom (net) een keer in die kerk gesien* = *Ek het hom nog net by een geleentheid gesien.*

Net so is *twee keer*, *drie keer*, ens. alles los.

Al is los, maar nie al-tyd nie!

Al plus 'n telwoord is altyd los.

Dit het al twee se lewe verander. Nie: **altwee*. So ook: *al drie*, *al tien* en *al twintig*.

Ook *al* is twee woorde, soos in *Al sê wie ook al wat...*

'n Paar algemene spelfoute

Die groetvorms soos *Goeiemore*, loop los voor as dit by verkeerde spelling in gemeentes kom. En dan ook:

op pad (moet twee woorde wees) en *op soek* (twee woorde as jy bedoel jy wil dit vind).

Kom ons kyk nou na nog 'n paar spelfoute wat nie so algemeen voorkom soos dié hierbo nie, maar tog 'n verleentheid kan skep.

Die gedeelte agter in sommige kerkgeboue is 'n *galery*, nie 'n **gallery* nie. Die woord word ook gebruik vir die gedeelte van 'n webblad waar foto's gehuisves word. Hierdie spelfout ontstaan natuurlik uit Engels, waar dit wel een 'l' het.

Baie gemeentes hou nie meer aanddienste nie, maar *ons sal vanaand 'n diens hou*, nie **vannaand* nie. *Ons sal wel vannag wakker bly*, nie **vanag* nie.

Die kerkraad het kommissies (twee m'e en twee s'e), maar nie *komitees* nie (een *m* en een *t*).

Ons maak 'n plakkaat om die basaar te adverteer, nie 'n **plakaat* nie.

Ons was verras deur die goeie bydraes, maar *die afgestorwene se lyk is veras*.

Ons waardeer alles wat u gedoen het, nie *waardeur nie. Ons besef wel waardeur u alles moes gaan om dit te kan doen.

Ek weet vir seker... het die ou hallelujalied gesing, maar die kerk se geboue is voldoende verseker. *Vir seker* beteken *definitief*, en *verseker* beteken *assuransie uitneem*.

Ons gaan vir ewig leef, maar die dominee se gesig word verewig deur die foto in die konsistorie.

Hoof- en kleinletters

Die keuse tussen hoof- en kleinletters kan ingewikkeld raak in kerkdokumente. Byvoorbeeld, in 'n notule, is *Ds.*, *Oudl.* en *Diak.* met 'n hoofletter in die middel van 'n sin? Ons is geneig om Engels te volg en te veel hoofletters te gebruik, en Afrikaans se reëls verskil dikwels van dié van Engels.

Die dele van die Bybel en geskiedkundige gebeurtenisse word met hoofletters geskryf: *Ou Testament*, *Nuwe Testament*; *die Hervorming*. Iemand wat spesialiseer in die Ou Testament behou die hoofletters van die vakgebied: *Ou Testamentikus*.

Die naam van godsdienste of denkrygtings wat van iemand se naam afgelei is, mag met 'n hoofletter of 'n kleinletter geskryf word: *Calvinisties/calvinisties*; *Mosaïese wette/mosaïese wette*; *Islamities/islamities*.

Name van kerklike feesdae is met hoofletters: *Paassondag*, *Pinkster*, *Goeie Vrydag*, *Kersfees*.

Ons het reeds die vraag gevra of 'n mens in 'n notule of elders die titels van mense, soos *Ds.*, *Oudl.* en *Diak.* met 'n hoofletter in die middel van 'n sin moet skryf? Die reël wat ons in gedagte kan hou om dit maklik vir onself te maak is dat ons eerste probeer om 'n kleinletter te gebruik. 'n Hoofletter is net nodig as daar 'n goeie rede daarvoor is. 'n Goeie rede is byvoorbeeld wanneer dit aan die begin van die sin is: *Ds. Botha het geantwoord dat...*

In Afrikaans het ons ook die interessante verskynsel dat ons in die omgangstaal die voornaamwoord soos *jy* of *u* sal vervang met die persoon se titel. Veronderstel iemand vra vir haar dominee of hy al haar suster besoek het. As sy die dominee nie goed genoeg ken om hom op sy naam aan te spreek nie, of dalk baie jonger is as hy, sal sy waarskynlik vir hom vra: *Het dominee haar al besoek?* *Jy* mag in die situasie te informeel wees, en *u* weer te styf en formeel. Gelukkig vra ons gewoonlik sulke vrae mondeling, dan maak hoof- of kleinletters nie saak nie, maar as ons 'n e-pos of 'n WhatsApp stuur, kom dit wel ter sprake. Die goeie nuus van die AWS (Afrikaanse Woordelys en Spelreëls) is dat beide hoof- en kleinletters in so 'n geval aanvaarbaar is!

Getalle en syfers

Ons het reeds gesien dat wanneer ons iets oor getalle en syfers skryf, ons allerlei probleme teëkom. Vandag stapel ons die probleme 'n bietjie hoër op.

Tale verskil in die *aantal* woorde wat hulle vir sekere sake het. In Engels is daar byvoorbeeld nie 'n goeie enkelvoud vir *cattle* nie; in Afrikaans kan ons sê *bees*. In Zoeloe is daar baie woorde vir 'n bees: die groot woordeboek van Doke en Vilakazi staan 'n hele kolom aan beesname af.

Ons het reeds die probleem aangeraak dat die enkele Engelse woord *number* met meer as een woord in Afrikaans weergegee moet word.

Aantal word gebruik wanneer ons nie spesifiek kan sê hoeveel dit is nie: 'n Groot aantal (=baie) mense van ander denominasies het die diens bygewoon. (Ons kon nie tel hoeveel mense dit was nie.) Die volgende gebruik van *aantal* is verkeerd: *Dui op die vorm aan die aantal mense wat die ete sal bywoon. (Dit moet wees getal mense.)

Getal word gebruik wanneer ons iets kan tel, bv. Die getal mense wat aanddienste bywoon, wissel tussen 11 en 20. (Aantal pas nie hier nie, want dit is moontlik om die mense te tel.) Die lidmaattal (of: getal lidmate) het die afgelope vyf jaar mooi gestyg.

Aantal gebruik word wanneer ons iets nie spesifiek kan tel nie, terwyl *getal* dui op iets wat ons met 'n syfer kan uitdruk. In 'n kerksensusdokument sal ons dus praat van *Getal dooplidmate...* en nie van **Aantal dooplidmate...* nie.

Die woord *syfer* (Engels: *number of figure*) is die 'teenoorgestelde' van 'n *letter*, bv. *a*, *b* of *c*.

Die woord *nommer* (Engels: *number*) dui op 'n reeks syfers waarmee jy nie enige berekeninge kan doen nie, soos 'n selfoonnommer, 'n atleet se Comrades-nommer of die kerkgebou se straatnommer.

Die woord *hoeveelheid* dui, ook soos *aantal*, op iets wat jy nie kan tel nie, net nog meer so. Voorbeeld: 'n Groot *hoeveelheid* kos het verlore gegaan.

Ek herinner ook weer daaraan dat dit goeie beleid is om getalle minder as 10 in woorde uit te skryf, maar 10 en hoër as syfers.

Rekenaarwoorde

Die wêreld van rekenaars word heeltemal deur Engels oorheers, maar tog het Afrikaans sy eie woordeskat vir die IT-wêreld ontwikkel. Rekenaarskoolhandboeke is bv. in pragtige Afrikaans beskikbaar. Kom ons kyk na voorbeelde, en ons herhaal ook sekere voorbeelde waarna ons reeds verwys het.

Ds. X het 'n YouTube-kanaal waar ons na sy preke kan gaan luister. Let op dat ons 'n koppelteken gebruik, want naamwoord + naamwoord = 1 woord (n+n=1), maar omdat een woord 'n Engelse handelsnaam is en die ander Afrikaans, gebruik ons 'n koppelteken.

Ds. Y se aanlyn preke is beskikbaar vir diegene wat nie fisies dienste kan bywoon nie. Hier het ons twee woorde, want *aanlyn* werk hier soos die Afrikaanse woord *lekker*. Ds. Y se *lekker preke...*

'n *Tafelbladrekenaar* of *tafelrekenaar* het 'n afsonderlike *toetsbord* en *skerm*, en is aan 'n *drukker* gekoppel. Die rekenaar het 'n *hardeskyf*, *hardeware* en *sagteware*. Microsoft Word is 'n *woordverwerker*, en Excel is 'n *sigblad* (nie 'n **spreivel* nie!).

Party mense praat van 'n *komper*, maar die woord het in onbruik verval. Deesdae word dit as hoogdrawend aangevoel, en dit kom na die beste van my wete glad nie in nuwe Afrikaanse IT-tekstboeke voor nie.

Ons het reeds na 'n *tafelbladrekenaar* (*desktop*) verwys. Die meeste mense werk egter op 'n *skootrekenaar* (*laptop*). 'n Selfoon het 'n *raakskerm* (*touch screen*). As jy teks of 'n prent wil kopieer, gebruik jy 'n *skandeerder* (*scanner*) wat jy deur 'n *poort* (*port*) aan die rekenaar koppel.

'n Rekenaarprogram word deesdae in Engels 'n *app* genoem. Daar is nog nie 'n gevestigde Afrikaanse vertaling vir *app* nie, alhoewel sommige mense die woord *toep* gebruik. Die rekenaar voer 'n *program uit*. Jy kan nie sê hy **hardloop* 'n program nie.

Wanneer jy op 'n rekenaar werk, *stoor* (save) jy die *lêer* (file) in 'n *lêergids* (folder) op jou *hardeskyf* (hard drive). Jy kan dit ook in die *cloud* stoor (ons praat nie van die *wolk* nie). 'n *Flash drive* is 'n *flash-skyf* ('n Afrikaanse woord het nog nie sy verskyning gemaak nie). Dis altyd wys om 'n Afrikaanse *speltoets* (*spell checker*) te gebruik om spelfoute te probeer voorkom.

Tydens 'n kerkdiens gebruik ons 'n *videoprojektor* (nie **video projektor* nie). Die projektor vertoon 'n *skyfie*, 'n kort *video'tjie*, of verskillende *video's* (let op die afkappingsteken, wat gebruik word wanneer 'n naamwoord op -o eindig). Om voorsiening te maak vir kragonderbrekings tydens eredienste gebruik ons 'n *UPS-stelsel* (let op die koppelteken, omdat ons 'n naamwoord in die vorm van 'n afkorting met 'n ander naamwoord kombineer. Dink ook aan die koppelteken in *QR-kode*, en in *USB-poort*).

As ons teks in 'n Word-lêer wil herhaal, *verhelder* (*highlight*) ons dit en *kopieer* en *plak* (*copy and paste*) ons die teks op 'n ander plek.

griesel (by) regtewoord.co.za

Vier woorde waarmee jy jou Afrikaans drasties kan verbeter

As ons sommer om die etenstafel gesels gee ons nie aandag aan verkeerde grammatika nie. As ons egter meer formeel praat, bv. in 'n preek, moet ons nie krom en skeef praat nie en ons boodskap in duidelike taal laat oorkom.

Luister gerus na *jouself* in opnames soos WhatsApp- of YouTube-boodskappe of jy op hierdie gebied kan verbeter:

Dat en wat:

Na dat en wat moet die woordvolgorde verander (dit maak Afrikaans baie moeilik vir Engelssprekende persone, aangesien dit nie in Engels gebeur nie):

Ons ervaar dat Hy ons bemoedig in hierdie moeilike dae. Nie: **Ons ervaar dat Hy bemoedig ons in hierdie moeilike dae.*

Ons glo dat jy by hierdie groep tuis sal voel. Nie: **Ons glo dat jy sal tuis voel by hierdie groep.*

Ons weet dat 'n huwelik binne drie dae geregistreer moet word. Nie: **Ons weet dat 'n huwelik moet geregistreer word binne drie dae.*

Dit is iets wat as motivering dien. Nie: **Dit is iets wat dien as motivering.*

Predikante wat by ons sal aansluit moet van hulle laat hoor. Nie: **Predikante wat sal aansluit by ons moet van hulle laat hoor.*

Self:

Waarskynlik omdat Engels altyd *-self* byvoeg in woorde soos *myself*, *ourselves*, en *yourself*, het ons in Afrikaans dit ook (soms onnodig) begin doen. Kyk na 'n stuk wat jy geskryf het of

luister na jouself in 'n opname, en vra jou af (nie: *vra jouself af nie) in watter gevalle jy die -self kan verwyder sonder dat dit die betekenis van die sin verander.

Jy moet jou beskikbaar stel is beter as *Jy moet jouself beskikbaar stel.

Ons kan ons nie indink hoe... is beter as *Ons kan onself nie indink hoe...

'n Geleentheid het hom vir Herodes voorgedoen... is beter as *'n Geleentheid het homself vir Herodes voorgedoen...

Maar: Ons sien onself in 'n spieël is korrek, want nou dien die woorddeel -self 'n nuttige doel.

Gewees:

Die meeste van ons sal maklik die woord gewees onnodig gebruik, bv. in was gewees. Kyk gerus in 'n dokument wat jy geskryf het of luister na opnames van jou eie stem: Kan jy die woord gewees weglaat sonder dat dit die betekenis verander, of praat jy maar so krom en skeef?

Vergelyk: Oral was daar gelowiges wat na die woord gehunker het met hierdie sin waarin daar twee foute voorkom: *Orals was daar gelowiges gewees wat gehunker het na die woord.

As Hy net 'n Joodse profeet was,... teenoor: *As Hy net 'n Joodse profeet gewees het...

Abraham was bereid om... teenoor: *Abraham was bereid gewees om...

Vandeesweek kyk ons 'n bietjie na woorde wat ons verkeerd gebruik.

Ons neem 'n besluit, ons maak dit nie: *Elkeen van ons moet 'n besluit neem om...* (Nie: **Elkeen van ons moet 'n besluit maak om...*) Die gebruik van die verkeerde woord maak kom waarskynlik van Engels, wat sê: *Each one should make a decision...*

Ek het reeds op die verskil tussen *familie* en *gesin* gewys. Die Engelse ken net *family* vir albei, gevolglik begin sommige Afrikaanssprekendes die woord *familie* ook gebruik vir wanneer hulle *gesin* bedoel.

As mense deftig wil wees gebruik hulle graag die woorde *maar* en *egter* in dieselfde sin (die woorde is sinonieme): *Maar dit was nie die geval nie...* word deftig aangebied as: **Maar dit was egter nie die geval nie...*

Mense gebruik ook graag die woord *wie* verkeerdelik in 'n sin soos: **Die predikant wie verlede Sondag hier gepreek het,...* in plaas van: *Die predikant wat verlede Sondag hier gepreek het...* Ook in hierdie geval is Engels waarskynlik die oorsaak: *The preacher who preached here...*

Basaarwoorde

Party gemeentes se basaarpamfletjies is foutloos van begin tot einde; ander s'n is *nie* so foutloos nie! Hieronder bespreek ek hoe om basaarwoorde te spel.

Die Heel Eerste Stap Is Om Alle Onnodige Hoofletters Uit Jou Pamflet Te Haal!

Die grootste enkele spellingprobleem by basaarwoorde is 'n *wit olifant*! 'n *Wit olifant* is twee woorde (adjektief + naamwoord), maar sodra 'n mens nog 'n naamwoord byvoeg, word dit alles

een woord: *Mens skenk 'n wit olifant vir die witolifanttafel* (nie **wit olifant tafel* nie, ook nie **wit olifanttafel* of **witolifant tafel* nie). Net so koop ons *tweedehandse klere* (twee woorde), maar ons koop dit by die *tweedehandseklertafel* (een woord; om dit makliker leesbaar te maak kan ons 'n koppelteken invoeg: *tweedehandseklere-tafel*).

Soos ons nou al weet, twee naamwoorde langs mekaar word een woord. Ek gee die verkeerde spelling tussen hakies:

<i>aandbasaar</i>	(* <i>aand basaar</i>)
<i>biltongfees</i>	(* <i>biltong fees</i>)
<i>boereworsrolle</i>	(* <i>boere wors rolle</i> of <i>boerewors rolle</i>)
<i>duiweskou</i>	(* <i>duiwe skou</i>)
<i>kerkbasaarlekkernye</i>	(* <i>kerk basaar lekkernye</i>)
<i>kinderspeelarea</i>	(* <i>kinder speel area</i>)
<i>kindertafel</i>	(* <i>kinder tafel</i>)
<i>kindervermaak</i>	(* <i>kinder vermaak</i>)
<i>melkskommels</i>	(* <i>melk skommels</i>)
<i>middagetes</i>	(* <i>middag etes</i>)
<i>veeveiling</i>	(* <i>vee veiling</i>)
<i>winskopies</i>	(* <i>wins kopies</i>)

Wanneer die woord en tussen naamwoorde ingevoeg word, word die eerste naamwoord gevolg deur 'n koppelteken, gevolg deur 'n spasie:

<i>afval- en lewerkoekies</i>	(* <i>afval en lewer koekies/koekkies</i>)
<i>bees- en wildsbiltong</i>	(* <i>bees en wilds biltong</i>)
<i>kerrie- en rystafel</i>	(* <i>kerrie en rys tafel</i>)
<i>klere- en boekemark</i>	(* <i>klere en boeke mark</i>)
<i>koffie- en teetuin</i>	(* <i>koffie en teetuin</i>)

Alhoewel dit waar is dat adjektief + naamwoord as twee woorde geskryf word, is daar sekere woorde waarvan die betekenis 'verdig' het, en hulle word nou as een woord geskryf:

<i>slaptjips</i>	(<i>slap tjips</i> kan nog gaan, maar * <i>slap Chips</i> , met 'n hoofletter, is verkeerd)
<i>soetgoed</i>	(<i>soet goed</i> beteken die <i>goed</i> is nie <i>stout</i> nie)
<i>varsprodukte</i>	(<i>vars produkte</i> beteken die produkte is nog nie <i>oud</i> nie)

Nog woorde wat jy nodig mag kry:

<i>sjiekboetiek</i>	(albei woorde kom uit Frans; <i>sjiek boetiek</i> is ook reg)
<i>minibasaar</i>	(<i>mini-</i> is 'n woorddeel, nie 'n woord op sy eie nie)
<i>hoender-combo</i>	(<i>-combo</i> is nog nie in Afrikaans ingeburger nie)
<i>deli-tafel</i>	(<i>deli-</i> is reeds ingeburger, maar <i>delitafel</i> lees moeilik)

Ten slotte:

Ons spel dit *koeksister/koesister*, maar ai, **koeksuster* val darem lekker op die tong!

Braaivleis is iets wat ons eet, maar ons kom bymekaar vir 'n *vleisbraai*, nie vir 'n *braaivleis* nie.

As jy wil hê ek moet jou basaarpamflet nagaan, e-pos my by griesel (by) regtewoord.co.za.

Werk vinniger in jou kantoor!

Die kortste woordjie met die langste verduideliking

Vandag het ek dit oor 'n baie kort woordjie:

'n

Die woordjie kom van die oorspronklike Nederlandse woord *een*. Die afkappingsteken vooraan die woord se stertjie wys weg van die *n*. Ongelukkig, as ons die afkappingsteken vooraan intik, dink *Word* ons begin met 'n aanhaling, en plaas dan verkeerdlik die aanhalingsteken vooraan, so:

'n

Dit is verkeerd!

Ons kan *Word* egter leer om dit reg te doen. Daar is verskillende prosedures moontlik, ook afhangende van watter weergawe van *Word* ons gebruik. Ek verduidelik hier een van hulle:

- In 'n nuwe *Word*-dokument, tik enkelaanhalingstekens gevolg deur *n*, gevolg deur 'n spasie:

"n

- Vee nou die eerste aanhalingsteken uit.
- Verhelder (highlight) die laaste aanhalingsteken plus die *n* plus die spasie, en kopieer dit.



- Klik nou op *File* heel links bo in die hoek van jou skerm, dan *Options*, dan *Proofing*.
- Klik op *Autocorrect options*
- Klik op *Replace as you type*, en tik daar in

"n plus spasie.

- Vee nou die tweede aanhalingsteken uit.
- Onder *Replace With*, plak (*paste*) die regte, gekopieerde *'n plus spasie* vanuit jou dokument.
- Klik op *OK*, weer *OK*.

Van nou af behoort *Word* vanself die komma korrek op jou rekenaar weer te gee.

Werk jy in 'n kerkkantoor, en die werk is so baie dat jy elke dag oortyd moet werk? Berei jy preke voor, maar die tikwerk aan jou aantekeninge neem onnodig lank? Ons besef nie altyd hoeveel vinniger ons sal werk as ons nie die rekenaar se muis hoef te gebruik nie. Baie mense weet daar is kortpaaie, maar hulle is bang om dit aan te leer omdat dit hulle angstig maak as hulle iets nuuts moet leer. Dis menslik om bang te wees vir iets nuuts, of dit nou is om Jesus te volg of om op jou rekenaar te werk!

Vandeewee kyk ons 'n bietjie na die wonderknoppie op jou sleutelbord, heel links onder in die hoek, genaamd Ctrl (*Control*).

Oefen nou die volgende:

Maak 'n nuwe *Word*-dokument oop (deur *Ctrl* te druk, en terwyl jy dit inhou, die letter N).

Jy sal sien daar is sleutels met pyltjies op jou sleutelbord. As jy die sleutels waarop die pyltjies is druk, sal die merker (*cursor*) op jou bladsy rondbeweeg.

Tik 'n paar woorde. Verhelder (*highlight*) nou een van die woorde deur die *Shift*-sleutel in te hou en die pyltjies te gebruik. Druk dan *Ctrl* en terwyl jy dit vashou, druk die letter C (vir *Copy*). *Word* het nou daardie gedeelte wat verhelder is, gekopieer. Beweeg nou jou merker na 'n ander plek op die bladsy deur middel van die pyltjies op die sleutelbord. Druk *Ctrl*, en terwyl jy dit vashou, die letter V. Die woord wat verhelder was, verskyn nou op die nuwe plek in jou dokument. Gedurende die proses het jy glad nie jou muis gebruik nie.

Tik 'n paar woorde in 'n *Word*-dokument. Verhelder (*highlight*) nou een van die woorde deur die *Shift*-sleutel en die pyltjies te gebruik. Druk dan *Ctrl* en terwyl jy dit vashou, druk die letter X. Die gedeelte wat jy verhelder het, sal verdwyn (*Cut*). Beweeg nou jou merker na 'n ander plek op die bladsy deur middel van die pyltjies op die sleutelbord. Druk *Ctrl*, en terwyl jy dit vashou, die letter V. Die woord wat uitgevee is, verskyn nou op daardie nuwe plek in jou dokument. Gedurende die proses het jy glad nie jou muis gebruik nie.

As jy enige fout maak in jou dokument, druk jy die *Ctrl*-sleutel en terwyl jy dit vashou, druk jy die letter Z. Dit sal jou fout kanselleer. (Dit werk ook in ander programme as *Word*.) As dit maar so maklik was om ons sonde te kanselleer!

Dis goed om elke paar minute jou werk te stoor. Daarvoor hoef jy glad nie die muis te gebruik nie. Druk net *Ctrl* en S (*Save*).

As jy teks se voorkoms wil verander, verhelder die teks (met *Shift* en pyltjies, sonder om jou muis te gebruik) en druk dan *Ctrl* + B (vir *Bold*), *Ctrl* + I (vir *Italics*) of *Ctrl* + U (vir *Underline*).

En nou, so tussen-in, die belangrikste stukkies inligting: As jy in feitlik enige program werk, en jy wil 'n aksie herhaal, druk jy F4 in die boonste ry van jou sleutelbord. Die rekenaar sal dan herhaal wat hy pas gedoen het. Probeer dit 'n bietjie!

Ons kyk steeds na 'n paar geheime hoe jy jou werkdag kan verkort deur so min as moontlik met die rekenaar se muis te werk, en van kortpaaie gebruik kan maak.

Kyk na die woorde **in hierdie sin**. Die laaste drie woorde is onderskeidelik **vetgedruk**, *kursief* en onderstreep. Dit is sonder die muis gedoen! Ek beweeg met die pyltjies wat op die sleutelbord is na enige plek op die betrokke woord, dan druk ek *Ctrl* + B (vir **bold**), *Ctrl* + I (vir *italics*) en *Ctrl* + U (vir underline). *Word* verander die hele woord.

Hier is nog 'n paar kortpaaie met die *Ctrl*-sleutel. As jy hulle uittoets en jy doen iets verkeerd, druk jy net *Ctrl* + Z om jou fout reg te dokter:

Ctrl + N maak 'n nuwe lêer oop (Engels: *new*)

Ctrl + M keep jou paragraaf in (Engels: *indent*)

Ctrl + S stoor jou dokument (Engels: *save*)

Ctrl + F soek iets in jou dokument (Engels: *find*)

Ctrl + H is 'n belangrike opsie wat ek elke dag gebruik as ek iets in my dokument dwarsdeur die dokument wil verander. Probeer hierdie voorbeeld: As jy diaken Coetser se van verkeerdelik in die notule as Coetzer gespel het, druk jy Ctrl + H, tik Coetzer, druk die Tab-sleutel aan die linkerkant van die sleutelbord, tik Coetser, druk die Tab-sleutel totdat jy by Replace All kom, druk A, en die rekenaar sal alles in 'n oogwink verander. Daarna druk jy Esc (links bo in die hoek) om voort te gaan met jou werk.

Ctrl + W maak die dokument toe

Ctrl + O maak 'n bestaande dokument oop (Engels: *open*)

Ctrl + P druk jou dokument (Engels: *print*)

Ctrl + 1, Ctrl + 2 en Ctrl + 5 is baie nuttig. As jy 'n stuk teks verhelder (*highlight*) en jy druk een van die opsies, verander jou spasiëring na enkel, dubbel of 1½ respektiewelik!

Ctrl + Enter laat jou spring na 'n nuwe bladsy.

Die boonste ry sleutels bevat allerhande geheime. F1 maak 'n hulplyn oop en ek het reeds genoem van F4 wat die rekenaar die vorige opdrag laat herhaal. F5 is wonderlik op die internet: dit maak dieselfde webwerf opnuut oop.

Ons kyk steeds na 'n paar geheime hoe jy jou werkdag kan verkort deur so min as moontlik met die rekenaar se muis te werk, en van kortpaaie gebruik te maak.

Shift + F3 kan jou baie werk bespaar. Veronderstel jy het *ds. petrus johannes botha* alles in kleinletters getik en jy wil jou fout regmaak. Nou verhelder jy die drie woorde deur middel van die pyltjies en die Shift-sleutel. Dan druk jy Shift + F3, en alles verander na hoofletters. Druk Shift + F3 weer en die eerste letter van elke woord verander na hoofletters.

Hier is nou 'n groot geheim. Veronderstel jy moet dikwels die lang naam van jou gemeente tik, bv. NG Kerk Pietermaritzburg-Noord. Gaan so te werk om jou in die vervolg baie tyd te spaar: Tik die woorde korrek, dan verhelder (*highlight*) jy hulle deur Shift en die pyltjiesleutels te druk. Druk nou die Alt-sleutel + F3. 'n Venstertjie gaan oop. In die boonste ry waar daar staan *Name*, verkort die woorde *NG Kerk Pietermaritzburg-Noord* tot die eerste vier (of meer) karakters van die uitdrukking, bv. *NG K*. (Let op dat die spasie ook tel). Van nou af, as jy op die rekenaar *NG K* tik, sal Word jou die opsie gee om die uitdrukking te voltooi. Jy hoef net Enter te druk om dit te doen. As jy nie Enter druk nie, kan jy soos gewoonlik voortgaan. Probeer dit!

Een van die belangrikste kortpaaie op jou rekenaar, wat jy 'n klomp keer elke dag sal gebruik, is Alt + Tab. Hou die Alt-sleutel met jou een vinger in en druk die Tab-sleutel herhaaldelik met 'n ander vinger. Die skerm sal beurtelings spring tussen die verskillende vensters wat op jou rekenaar oop is. Kies by watter een jy wil stilstaan.

'n Paar voorvoegsels wat ons laat twyfel

Ons weet almal van die woorde in 1 Joh. 2:18 en ander plekke, waar daar van die *antichris* gepraat word. Baie van ons sal twyfel as ons skielik gevra word of dit een of twee woorde is, veral as die woord effens verleng word tot *anti-Christus*.

Die antwoord is dat sulke voorvoegsels vas aan die volgende naamwoord geskryf word, behalwe waar daar sekere tradisies ontwikkel het in verband met hoofletters en koppelteke. As die tweede deel van die woord 'n hoofletter moet behou soos in die voorbeeld hierbo,

gebruik ons 'n koppelteken. Dis vir ons veral verwarrend wanneer ons die eerste voorvoegsel ook as 'n volledige woord ken, bv. nie-.

Hier is 'n paar voorbeelde:

top: Al kan *top* 'n woord op sy eie wees, spel ons *topstudent* en *toppos* telkens as een woord;

anti: Nog voorbeelde is *anti-Engels*, *antisemities* en *antispioenware*

nie: *nie-Christelik* of *niechristelik*, *nie-Christen* of *niechristen*, *nie-Joods* of *niejoods*.

super: Al kan *super* 'n woord op sy eie wees, spel ons *superchristen*, *superbelasting*, *supernova*

mini: Die *mini* was 'n rokkie wat in die laat sestigs opslae gemaak het. Die meervoud is *mini's*. Ons skryf dit egter vas aan die volgende woord, bv. *minibasaar* en *minibus*.

makro: Ons praat van 'n *makrogemeente* en 'n *makrostraler*.

Die boek *Skryf Afrikaans van A tot Z* deur Dalene Müller en Sebastian Pistor is 'n uitstekende handleiding vir mense wat in Afrikaans moet skryf, veral vir joernaliste. Dit is soms baie voorskriftelik, maar die moeite werd om in jou rak te hê. Laat ons 'n bietjie kyk na voorbeelde uit hul boek wat vir gemeenteskrywers belangrik mag wees.

Agenda: Op 'n *agenda* of *sakelys* is daar *sake* of (*besprekings*)*punte*, maar nie **items* nie. 'n Mens kan dus nie voortgaan na die volgende **item op die agenda* nie, maar wel na die volgende *punt* of *saak*. Ons gebruik te maklik die woord *item* verkeerdelik, soos in Engels.

Kworum: 'n Besluit is geldig as daar 'n *kworum* teenwoordig is, nie 'n **groot genoeg kworum* nie.

Notule: In Engels is 'n notule in die meervoud (*minutes*), maar in Afrikaans is dit in die enkelvoud, behalwe as daar meer as een notule ter tafel is.

Dieselfde verskynsel kry ons ook by die woord argief. In Engels is *archives* in die meervoud, maar ons kerk se *argief* is in Pietermaritzburg.

Vergadering: 'n Vergadering word *belê* en *gehou*, maar ons kan nie sê 'n vergadering het **plaasgevind* nie, want dit het nie vanself gebeur nie.

Opmerk en aanmerk: As 'n mens 'n *aanmerking* maak, sê jy iets lelik of krities. Christene moet daarom nie *aanmerkings* oor mense maak nie. As 'n mens 'n *opmerking* maak, lewer jy neutrale kommentaar. Tydens 'n eksamen word antwoordstelle *nagesien*, nie *gemerk* nie.

Teenwoordig en aanwesig is sinonieme, maar die besoekende predikant sal die *aanwesiges* toespreek, nie die **teenwoordiges* nie.

Aktuarius: Die persoon wat regsake in die sinode hanteer is die *aktuarius*. As ons hom 'n *aktuaris* noem, gaan hy dalk sukkel, want dit is iemand wat risiko's en premies vir 'n versekeringsmaatskappy bereken!

'n Gemeente kan 'n almanak of 'n kalender uitgee, maar in samestellings gebruik ons *kalender*, soos in *kalenderdae* en *Juliaanse kalender*.

Kerk: *Kerk* met 'n hoofletter verwys na die kerkgenootskap, en *kerk* met 'n kleinletter na die gebou of die gemeente in die algemeen. 'n Roudiens vind *in* 'n kerk plaas, maar iemand word *uit* 'n kerk begrawe, nie **vanuit* nie.

Klerikaal: iemand doen *klerklike* werk as sy in 'n kantoor werk. 'n Priester doen *klerikale* werk (Engels: *clerical*).